CONTEGO
Asset Management

THE PROTECTION SPECIALISTS
The Leaders in Protected Investment

Geagte Kliënt, Julie 2011

Met verwysing na die onderstaande data, behoort die inagneming dat Contego Asset Management in beskerming spesialiseer, u te help om die profiel soos uitgebeeld hieronder beter te verstaan.

Die Contego B5 is 'n suiwer aandelefonds wat van beskerming gebruik maak om u kapitaal teen oormatige dalings in die mark te bewaar. Die B5 is die enigste fonds in sy betrokke sektor wat suiwer net in aandele bele is, ongeag van markstoestande- en tendense en dit is belangrik om op te let dat die B5 se totale aandele-blootstelling ten alle tye beskermd is. Alhoewel die fonds se aandele-porsie soortgelyk is aan dié van die FTSE/JSE ALSI Top 40, is die B5 nie 'n passiewe indeksfonds nie, maar word dit aktief bestuur as 'n aandele-portefeulje wat bestaan uit 16 tot 20 aandele met klem wat veral val op aandele se relatiewe waardes. Die aandele se gewigte word gebasseer op die FTSE/JSE ALSI Top 40 en reflekteer Contego Asset Management se kwartaallikse strategiese "House View". Aanpassings word egter gemaak tydens Contego se maandelikse taktiese batetoewysing vergaderings om korter-termyn bewegings of veranderinge te akkommodeer. Die unieke beskermings-strategieë soos in plek gestel vir die B5, maak dit die ideale keuse vir 'n meer risiko-bewuste kliënt, vanweë die fonds se aansienlike laer aandele-risiko.

Hoof-eienskappe van die Contego B5 Protected Equity Portfolio: Risiko - Matig/Matig-Aggressief

Bewaring van Kapitaal as Primêre Doel	Onbeperkte aandeleblootstelling
Deurlopende Beskerming van Kapitaalwins	Aktiewe bestuur van aandele
Lae-risiko Aandele alternatief	Belastingdoeltreffende opbrengste

Contego B5 teenoor sy maatstaf (CPI +6%) – Periode: 6 jaar (aanvangs)



13/05/2005 - 11/07/2011 Data from FE 2011

Die grafiek hierbo illustreer die Contego B5 se vermoë om langtermyn met die vermelde maatstaf van CPI +6% by te hou. Dit wys ook duidelik dat die B5 oor die vermoë beskik om inflasie-kloppende opbrengste te lewer, wat normaalweg slegs bekombaar is deur aandele-blootstelling. Die B5 het egter die uitsonderlike eienskap van die bewaring van u kapitaal en kapitaalwins, soos dit behaal word.

Contego B5 teenoor die Reële opbrengs-maatstaf (Tydperk: 5 jaar)

Oor ‘n tydperk van 5 jaar, het die Contego B5 sonder twyfel sy betrokke sektor oortref. Die gebruik van die B5 as ‘n bousteen, gee die belegger die voordeel wat aandele bied tydens ‘n bulmark, asook gemoedsrus dat die wisselvallige en moontlike nadelige sy van die mark tot ‘n minimum beperk word.

Contego B5 teenoor die FTSE/JSE ALSI Top40 (Tydperk: 5 jaar) – Aandele Diversifikasie of Alternatief?

Die grafiek hierbo toon die voordeel en kostes van die Contego B5 teenoor die Top 40 ALSI aan. Die B5 verleen stabiliteit aan 'n kliënt se gediversifiseerde aandele-portefeulje waar wisselvalligheid 'n kommerwekkende faktor is, asook waar krediet-krisise onverwags kan opduik (Sien A). Omdat die fonds nie so skerp gedaal het in die mark ineenstorting nie, kon die fonds van 'n hoër vlak begin herstel na die krisis. Die grafiek beeld ook die begrip agter die term "beskerming" uit. Aangesien beskerming wel teen 'n koste kom, pluk dit normaalweg voordeel uit ongeveer $^{2}/_{3}$ van die mark se voordelige sy, en word die fonds benadeel deur slegs ongeveer $^{1}/_{3}$ van die mark se nadelige sy wanneer die markte val. Let egter op dat dit slegs van toepassing is op die langer termyn en dat daar aansienlike wisselvalligheid mag voorkom op die kortermyn. Die grafiek wys ook die "koste van beskerming" duidelik aan, soos gesien kan word in die Contego B5 se vertraagde opwaartse beweging wanneer die markte styg. Die koste van beskerming sal die Beskermde aandele strategie dus laat onderpresteer as die mark sywaarts beweeg of as daar 'n sterk bulmark is en word ten beste benut as versekering teen markwisselings- en onsekerheid.

Contego B5 teenoor die Top 40 ALSI (Tydperk: 4 jaar) – Wanneer Beskerming belanrik is!



Hierdie grafiek wys dat goeie tydsberekening ten opsigte van die fonds geweldig voordelig kan wees vir enige belegger, soos dit enige goeie fonds betaam. Die keuse van die Contego B5 in 'n tydperk wanneer die mark wisselvallig is en 'n tendens volg wys presies waartoe die fonds in staat is.

Ek hoop van harte dat hierdie dokument vir u insiggewend was en vir u lig kon werp op waar Contego Asset Management in die "Aandele-blootstelling prentjie" inpas. Indien u enige verdere inligting benodig, kan u gerus vir my kontak.

Vriendelike groete,

Glaxton Robinson
Besigheids Ontwikkeling
Contego Asset Management (PTY) Ltd
Registered Financial Service provider - FSP 788

E) glaxton@contego.co.za
T) 021 914 7444
W) www.contego.co.za

facebook *Contego Group*
follow us on twitter *@contegonews*

Please see Disclaimer on page 4 of this document.

DISCLAIMER: This document is confidential and issued for the information of the addressee and clients of Contego Asset Management ("Contego") only. It is subject to copyright and may not be reproduced in whole or in part without the written permission of Contego. The information, opinions and recommendations contained herein are and must be construed solely as statements of opinion and not statements of fact. No warranty, expressed or implied, as to the accuracy or fitness for any particular purpose of any such recommendation or information is given by Contego in any form or manner whatsoever. Each recommendation or opinion must be weighed solely as one factor in any investment or other decision and the user must accordingly make its own study and evaluation of each strategy/security that it may consider purchasing, holding or selling and should consult its own investment or financial or other advisors to assist the user in reaching any decision. `This document is based on historical information, and provides no guarantee of future performance. This document is for information only and is not a solicitation for funds. Contego is an approved investment manager, regulated by the FSB.